SWELLENDAM SE ERFENISDAGVIERINGE: 24 SEPTEMBER 2010

Vanjaar se Erfenisdagvieringe van Swellendam beloof om ‘n hoogtepunt te wees. Baie oud-Swellendammers wat in ander dorpe en stede woon, het reeds aangedui dat hulle graag deel van die gebeure van die dag wil wees. Dit sal dus hopelik ook ‘n geleentheid wees om ou kennisse te ontmoet en opnuut die verbintenis met die dorp en mekaar te bevestig.

Die dag begin om 08:00 met ‘n kranslegging by die Swellendam Busrampgedenkteken voor die Swellendam Munisipale Kantore. Die doel is om mense die geleentheid te bied om erkenning te gee aan almal wat bygedra het tot die ontwikkeling van Swellendam tot waar dit vandag is. Enigeen sal die geleentheid hê om ‘n blom, ruiker of krans by die gedenkteken te lê om eer te bring aan gestorwe familielede se bydrae tot die dorp se vooruitgang. Mense het in verskillende hoedanighede in Swellendam geleef en gewerk, maar almal het iets bygedra. Die Burgemeester, mnr Jan Jansen, sal as hoofkranslegger optree.

Om 10:00 sal die Bloemfonteinhuisie in Siegelaarstraat amptelik as ‘n gedenkwaardigheid geopen word. Hierdie eenvertrek-woning is minstens 85 jaar oud en word beskou as die laaste oorblywende voorbeeld in Railton van die heersende boustyl in baie dele van Swellendam voordat die gedwonge verskuiwing van mense uit die dorp plaasgevind het. Die eerste eienaars was Jack en Anna Bloemfontein. Dit is onlangs gerestoureer. Dr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie van Stellenbosch Universiteit sal ‘n gelukwensing oordra. Die Caledon Marimba-orkes sal ook daar optree. Daarna sal ‘n optog onder leiding van die Progress Kersfeeskoor vanaf die Bloemfonteinhuisie na Swellendam Sekondêre Skool plaasvind. Verteenwoordigers van gemeenskapsorganisasies, kerke en families sal dan saam of as individue deur die strate van Railton stap om die gevoel van eenheid en toewyding tot die verdere opbou van die gemeenskap te verstewig.

Om 12:00 sal die voorlopige bevindinge van die Railton Gemeenskapsassesseringprojek in die Swellendam Sekondêre Skool Koshuissaal in Vollenhovenstraat aan die gemeenskap bekendgemaak word. Aan die einde van verlede jaar is hierdie navorsingsprojek as ‘n gesamentlike onderneming van die Railton Stigting (Nederland en Swellendam) en die Universiteit van Stellenbosch geloods. Twee professore, twee navorsers met Meestersgrade en ses voorgraadse studente van Railton het die navorsing gedoen. Voordat die bevindinge oor die behoeftes, hulpbronne en aksiestappe in November te boek gestel word, sal die gemeenskap weer ‘n geleentheid kry om hul mening oor die voorlopige uitslae aan te dui. Mnr Thomas van der Ven, President van die Railton Stigting (Nederland), sal ‘n spesiale gas wees en prof Julian Smith, Vise-Rektor van Stellenbosch Universiteit, sal as geleentheidspreker optree voordat ‘n opsomming van die voorlopige bevindinge aan die gemeenskap voorgelê word. Musiek en sang sal die program opluister.

Verdere inligting kan verkry word van Deidre Sauls (082 476 7078) en Basil May (021 951 4915/084 583 3811).